nuus

UITGAWE 1 VOLUME 4 JANUARIE 2014

Lidmaatskap……..1
Siza Hulplyn…….. 1
Siza/Sedex Opdatering…….. 1
Siza Kapasiteitsbou …….. 2
Ooreenkoms met WIETA……. 3

Lidmaatskap

SIZA lidmaatskap groei steeds en die totaal staan tans op 621 lede.

Die lidmaatskap verdeling is as volg:

Produsente: 494
Pakhuise: 4
Uitvoerders: 22
Invoerder: 1
Kommersiële entiteite: 2
Ander ("multisites"): 48
Kleinhandelaars/Bedryfsorganisasies: 6

Siza Hulplyn

Vir algemene navrae (insluitend registrasies van SAQ's en SEDEX), kontak Mariessa Erasmus by die nuwe SIZA hulplyn 0861 111 568 of stuur 'n epos aan haar by www.siza.co.za.

Om te registreer by SIZA, gaan na die SIZA webblad www.siza.co.za, klik op "Registrasie" en volg die maklike stappe om die registrasie vorm te voltooi.

Siza/Sedex Opdatering

Indien Siza lede verkies om sigbaar te wees op SEDEX vir hul kleinhandel kliënte, moet die volgende gedoen word:

- Stuur aan SEDEX 'n toestemmingsbrief om die rekening te stuur na die FSA AB Rekeninghouer (kontak info@siza.co.za vir 'n afskrif van die brief)

- Korrigeer en finaliseer alle aspekte wat uitstaande is sedert die vorige ouditproses en versoek die betrokke ouditfirma om die "NC's" af te teken op Sedex.

- Stel Siza in kennis aan watter kliënte hulle gekoppel moet wees.

NOTA:
Produsente wat geregistreer is as 'n diensverskaffer op die FSA AB rekening, kan dieselfde SEDEX "log on" stappe volg om hul rekeningbesonderhede op SEDEX te bekom. Die ouditfirma sal direkte toegang tot die rekening hê ten einde af te teken op alle uitstaande aspekte en hoef nie te poog om via die FSA AB rekening sigbaarheid te verkry nie.

ONTHOU ASB OM AF TE TEKEN OP ALLE UITSTAANDE ASPEKTE SOOS GEïDENTIFISEER TYDENS DIE VORIGE OUDIT.

Uitrol van Siza Kapasiteitsbouprogram

Siza het befondsing van €500,000 van die "Sustainable Trade Initiative" (IDH) ontvang vir die uitrol van 'n kapasiteitsbou program in al die provinsies van die land gedurende 2014 en 2015. Die fondse sal gebruik word om meer as 70 werkswinkels vir lede te fasiliteer teen geen ekstra koste. Opgeleide en erkende diensverskaffers in die veld is geïdentifiseer en het reeds opleiding ontvang om die nodige in die streke te implementeer.

E-pos asb info@siza.co.za indien u of u verteenwoordiger wil deelneem aan die program. Ons verkies 15-20 deelnemers per werkswinkel om die oefening koste effektief te maak en te voldoen aan verpligtinge van finansiers.

Algemene inligting oor die kapasiteitsbou program:

Wat is die doel?
Die hoof doelwit van die program is die ontwikkeling van kapasiteit en ondersteuning vir SIZA lede met die implementering van die SIZA standaard en deurlopende verbetering van arbeidsomstandighede op plase.

Wie kan opleiding ontvang?
Opleiding is beskikbaar aan alle SIZA lede en/of hul verteenwoordigers soos bv menslike hulpbron bestuurders, administrateurs wat verantwoordelik is vir etiese nakoming op 'n plaas, of diegene wat ondersteuning verleen aan produsente soos bv arbeidskonsultante, regerings-amptenare, ens. Werkswinkels is ook beskikbaar vir toesighouers, werkers en hul verteenwoordigers asook verteenwoordigers van kleinhandelaars, uitvoerders, invoerders en bedryfs organisasies. Diegene wat opleiding ontvang sal bekend staan as Etiese Handel Fasiliteerders.

Wat is die koste van opleiding?
SIZA lede sal die opleiding gratis ontvang.

Wat sal die opleiding dek?

- Begrip van Siza program
- Verantwoordelikhede van die Etiese Handel Fasiliteerder in die SIZA program
- Voordele van die Siza program duidelik uitstip.
- Verduideliking van 8 beginsels waarop SIZA standaard geskoei is (insluitend beleide en prosedures ens).
- Regstellende aksies en programme ter verbetering.
- Self-assessering
- Oudit voorbereiding en die proses self
- Identifisering en kwantifisering van risiko's
- Oorsaak analise
- Afsluit van nie-nakomings aspekte ("non-compliances")
- Bewusmaking en kapasiteitsbou programme op die perseel
- Hoe om SIZA hulpmiddels te gebruik.

Kursusinhoud kan op alle vlakke aangepas word volgens die behoeftes van produsente en deelnemers.

Hoe lank duur die werkswinkel?
Tydsduur van kursus is 2 dae wat óf aaneenlopend aangebied óf oor verloop van tyd versprei kan word.

Watter kursusmateriaal sal beskikbaar wees?
Siza kursusmateriaal sal aan kursusgangers beskikbaar gestel word. Hulle sal ook toegang hê tot 'n verskeidenheid van Siza hulpmiddels wat ontwikkel is en voortgaan om ontwikkel te word, insluitend 'n "How to" handleiding, 'n geheuestokkie met inligting met template, voorbeelde van betalingstrokies, kontrakte; Siza plakkaat; akkommodasie- en vervoer informasie asook 'n handleiding oor kommunikasie in die werkplek.

Ooreenkoms met WIETA

Siza het 'n ooreenkoms met WIETA bereik waar Siza lede, wat 'n Siza oudit laat doen het deur WIETA, erken sal word vir verkryging van WIETA sertifisering. WIETA moet nog steeds 'n steekproef op die perseel doen om te verseker dat verbeterende aksies uitgevoer is voordat die perseel gesertifiseer kan word. Die koste van die steekproef kan van Vinpro verhaal word i.g.v. Vinpro lede.

Contact details for further information:

SIZA Administration:	siza@hortgro.co.za
SIZA Registrations:	siza@fpef.co.za
SIZA SAQs and SEDEX:	siza@saiglobal.com
General enquiries:	chennell@iafrica.com